CON SPIRITO

www.conspirito.co.za

2022

20ste Jaarlikse Kunswedstryd

- JAARPROGRAM
- BEPALINGS
- REËLS
- KRITERIA

Con Spirito!!!! **is unieke Kultuurvereniging, Kultuur met geesdrif, wat nou al vir die 20*STE* agtereenvolgende jaar funksioneer. Hierdie kompetisie vind tans in die volgende streke plaas:**

- **Gauteng-Oos, -Suid, -Wes, -Noord**
- **Kwazulu-Natal**
- **Mpumalanga**
- **Noordwes**
- **Limpopo** *(Nuut)*
- **Noord-Kaap** *(Nuut)*
- **Oos-, Wes-, Suid-Kaap (Aanlyn)**
- **Vrystaat** *(Nuut)*
- **Namibië (Aanlyn)**

Ons is daar vir enige vorm van kultuur. Die Vereniging wil graag:

- **Kultuur bevorder**
- **Geleenthede skep**
- **Talent ontdek en ontwikkel**

Kultuurkompetisies van verskeie aard word jaarliks aangebied wat geleentheid bied aan die wat nie altyd 'n kans kry in sy/haar skool nie. Enige skool/instansie mag aan Con Spirito deelneem. Privaatinskrywings word ook aanvaar.

Leerders het 'n opsie tussen **TWEE** platforms:

A. Aanlyn deelname
B. Lewendige deelname by spesifieke venues (Covid-19 regulasies in ag geneem).

NEEM KENNIS:

- Leerders mag tydens die eerste (Provinsiale) ronde kies watter items hulle vir aanlyn of "live|" venue-deelname wil inskryf.
- Afdelings kan ook gemeng word, bv. 'n leerder skryf in vir Afrikaans Gedig en Engels Limeriek by die aanlynsessie maar skryf vir Gedramatiseerde Prosa onder die "live" venue-opsie in.
- Forte deelname MOET egter onder dieselfde platform gedoen word. M.a.w. as jy deurgaan met jou Afrikaanse gedig onder die aanlyn opsie MOET die leerder dit weer aanlyn doen tydens die Forte ronde.
- Daar gaan Prestige-Prysuitdelings vir die Aanlyn en Venue kompetisies gehou word.

KONTAKBESONDERHEDE

Lizelle van Staden (Besturende Direkteur en Venue deelname) 083 660 4822 lizelle@conspirito.co.za
Zelmarie Maré (Bemarker en Aanlyn Organiseerder) 074 683 3995 zelmarie@conspirito.co.za
Algemene Navrae: admin1@conspirito.co.za
Webwerf: www.conspirito.co.za

BANKBESONDERHEDE:

FNB
Con Spirito Kultuur (Pty) Ltd.
Business Cheque, account no. 62791986460
Sunward Park
Bankkode: 201209
Reference: Skool/organisasie/naam

Gaan besoek gerus ons Con Spirito facebook blad vir enige nuus.

JAARPROGRAM 2022

AFDELING	WANNEER	WAAR	SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS
MPUMALANGA			
Alle afdelings	21 – 23 Julie	Hs Ermelo	15 Junie
	25 – 27 Julie	Hs Secunda	
KWAZULU-NATAL			
Alle afdelings	16 – 17 Mei	Port Shepstone	11 April
	18 – 19 Mei	Amanzimtoti	
	20 – 21 Mei	Richardsbay	
VRYSTAAT			
Alle afdelings	20 – 24 Junie	Truida Kestell, Bethlehem	6 Mei
NOORD-KAAP			
Alle afdelings	28 - 29 Julie	Hs Diamantveld, Kimberley	20 Junie
NOORDWES			
Alle afdelings	1 – 3 Augustus	Hs Vryburg	20 Junie
	4 – 6 Augustus	Hs Lichtenburg	

GAUTENG
SUID-OOS-GAUTENG **ALBERTON**

Lees **Redenaars**	19 – 21 April	NG Brackenhurst Alberton	16 Maart
Sang **Instrumentaal** **Dans**	12 – 14 Mei	NG Brackenhurst Alberton	11 April
Redenaars **Drama** **Lees** **Kuns** **Spreekkoor**	13 – 15 Junie	Redruth Leersentrum Alberton	1 Mei
Drama	17 – 20 August	NG Brackenhurst Alberton	20 Junie
Kuns	18 August	NG Brackenhurst Alberton	20 Junie
OOS-WES-GAUTENG **BEDFORDVIEW**			
Redenaars **Lees** **Kuns** **Sang** **Instrumentaal**	6 - 11 Junie	Leeuwenhof Akademie, Bedfordview	9 Mei
BENONI			
Alle afdelings	11 – 14 Mei	Gekombineerde Skool Noorderlig Benoni	8 April

Boksburg, OOS-GAUTENG

Alle afdelings word by **Laerskool Concordia** aangebied.

AFDELING	WANNEER	SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS
Lees	21 – 24 Maart *Ls Concordia*	18 Februarie
Redenaars (Individueel)	27 – 30 April *Ls Concordia*	22 Maart
Instrumentaal & Sang	9 – 11 Junie *Ls Concordia*	9 Mei
Dans	9 – 11 Junie *Ls Concordia*	9 Mei
Kuns	18 Julie *Ls Concordia*	15 Junie
Drama	8 – 13 Augustus *Gereformeerde Kerk Boksburg-Suid, Libradene*	20 Junie
Redenaars: **Spanredenaars**	11 – 12 Augustus *Gereformeerde Kerk Boksburg-Suid, Libradene*	20 Junie
Kore Serriegroepe **Sanggroepe Spreekkore**	15 – 16 Augustus *Ls Concordia*	20 Junie

AANLYN KOMPETISIES (Alle streke)

AFDELING	WANNEER	SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS

Lees	28 Maart - 1 April	18 Februarie
Kreatiewe Skryf	30, 31 Maart	18 Februarie
Redenaars (Individueel)	2 - 7 Mei	5 April
Sang & Instrumentaal	30 Mei - 4 Junie	5 April
Drama	25 – 30 Julie	15 Junie
Redenaars 2 Individueel Spanredenaars	2 – 6 Augustus	20 Junie
Virtuele koor items	5 Augustus	20 Junie

NASIONALE FORTE RONDES		
		Registrasie
22 Augustus tot 3 September	**AANLYN Nasionale Forte ronde**	Voor 5 Augustus
20 September tot 1 Oktober	**Nasionale Forte ronde te Johannesburg (LIVE/"lewendige deelname")**	
CON SPIRITO PRESTIGE PRYSUITDELING (Live & Online)		
Saterdag 15 Oktober	**Johannesburg**	

ALGEMENE REËLS

1. Inskrywings sluit op verskillende datums. Verwys na die jaarprogram en aanlyn platform.
2. GEEN laat inskrywings word aanvaar nie. Laat inskrywings kan slegs aanvaar word indien die program dit toelaat. Neem kennis dat laat **inskrywingsgelde se prys met R30 per item verhoog word**.
3. Vir enige veranderinge nadat die skedules opgestel is, word ook 'n R30 adminfooi per item gevra. Voltooi asb die CHANGE REQUEST vorm en e-pos na admin1@conspirito.co.za. Hierdie vorm is aanlyn op ons webwerf beskikbaar: www.conspirito.co.za
4. **Belangrik:** ALLE inskrywings moet aanlyn gedoen word op www.conspirito.co.za Ouers/afrigters/onderwysers moet eers hulself registreer en dan die leerders. Daarna kan hulle inskryf.
5. Indien skole van Con Spirito se dienste gebruik wil maak vir die registrasie en inskryf van hulle leerders, word 'n ekstra adminfooi van R10 per LEERDER gevra.
6. Alle aanlyn-inskrywings kan deur die Payfast veilige betalings platform gemaak word. Hierdie platform maak voorsiening vir beide elektroniese oorplasings, sowel as kredietkaart betalings.
7. Indien 'n direkte internetbetaling verkies word is dit betaalbaar aan CON SPIRITO. Sien bankbesonderhede op bl.3. 'n Bewys van betaling moet na admin1@conspirito.co.za gestuur word met duidelike verwysings, sodat die gelde geallokeer kan word. **Deelnemers kan nie op die program geplaas word, indien bewys van betaling nie ontvang is nie.** Maak egter SEKER ons ontvang die bewys van betaling.
8. Inskrywingsgelde is NIE terugbetaalbaar of oordraagbaar nie, behalwe in gevalle waar die betrokke kompetisie nie plaasvind nie.

9. Aanlyn inskrywings moet VOLLEDIG ingevul word. Korrekte kontakbesonderhede word benodig vir opvolg en kommunikasie. Ouers se kontakbesonderhede word ook benodig.
10. Leerders kan privaat of deur hulle skool inskryf.
11. Daar mag slegs EEN keer vir dieselfde item ingeskryf word. (Bv. Slegs 1x inskrywing vir drama mimiek, al het die deelnemer twee verskillende stukke.)
12. By kuns word daar egter by sekere items/mediums uisonderings gemaak en kan die leerders bv. Twee keer inskryf vir fotografie maar let wel, die leerder kan slegs EEN itemwenner wees vir dieselfde medium/item.
13. Deelnemers neem per graad deel.
14. Deelnemers kan inskryf onder eie keuse en/of voorgeskrewe stukke deur Con Spirito Kunsvereniging voorgeskryf.
15. Geen deelnemer of groep mag dieselfde werk vir twee agtereenvolgende jare aanbied nie.
16. Tydbeperkings vir items soos aangedui in die sillabus mag nie oorskry word nie. Deelnemers sal gestop word.
17. Waar deelnemers uit verskillende grade in een groep deelneem, vind die beoordeling volgens die deelnemer in die hoogste graad plaas.
18. Deelnemers wat nie die reëls en bepalings nakom nie sal gediskwalifiseer word
19. Toegangsgelde van **R25.00** per persoon word tydens die eerte rondes, by die deure vir toeskouers gevra. Toegang vir afrigters en deelnemers is gratis.

INSKRYWINGSFOOIE 2022

Provinsiale Inskrywings:

Lewendige optrede by ‘n venue:

- Con Spirito Kunsvereniging vereis GEEN affiliasiefooie nie.

- **INDIVIDUELE ITEMS**
  R75 per deelnemer per item
  R90 per deelnemer per item waar klank benodig word, bv. Sang, dans, ens.

- **DUET & TRIO & KWARTET:**
  R45 per deelnemer per item
  ‘n Addisionele **R20** per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. Sang, dans

- **GROEPE:**
  5 tot 20 deelnemers: **R40** per deelnemer per item
  Meer as 20 deelnemers in ’n groep (bv. Spreekkoor, dansgroepe, revue, kore, toneel) beloop **R500** per item per groep
  Program (bv. Koor) – **500** per koor (meer as 20 lede)
  Individuele koor items – **R180** per addisionele item of lied
  ‘n Addisionele **R20** per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. Sang, dans

- **SPANREDENAARS:**
  R220 per span per item (3 of 4 lede)

Aanlyn Optrede dmv WhatsApp oproep:

- **INDIVIDUELE ITEMS**
  R75 per deelnemer per item

i. **DUET & TRIO & KWARTET:**
   R45 per deelnemer per item

ii. **SPANREDENAARS:**
   R220 per span per item (3 of 4 lede)

Con Spirito Forte (Nationale finale rondte):

Lewendige optrede by 'n venue:

- **INDIVIDUELE ITEMS:**
  - **R50** per deelnemer per item
  - **R65** per deelnemer per item waar klank benodig word, bv. Sang, dans, ens.
- **DUET, TRIO, QUARTET, ETC:**
  - **R30** per deelnemer per item
  - 'n Addisionele **R20** per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. Sang, dans
- **GROUPS:**
  - 5 to 20 deelnemers: **R30** per deelnemer per item
  - Meer as 20 deelnemers in 'n groep (bv. Spreekkoor, dansgroepe, revue, kore, toneel): **R180** per item per groep
  - Program (bv. Koor): **R280** per koor (meer as 20 lede)
    Individuele items: **R60** per addisionele item of lied
  - 'n Addisionele **R20** per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. Sang, dans ens.
- **SPANREDENAARS:**
  R150 per span per item (3 of 4 lede)

Aanlyn deelname dmv WhatsApp oproep:

- **INDIVIDUELE ITEMS:**
  R50 per deelnemer per item
- **DUET, TRIO, QUARTET, ETC:**
  R30 per deelnemer per item
- **SPANREDENAARS:**
  R150 per span per item (3 of 4 lede)

ROOSTERS EN PROGRAMME

1. Tydskedules sal vroegtydig (minstens 2 weke voor die tyd) aan die skole of instansies per e-pos gestuur word. Vir enige veranderinge nadat die skedules opgestel is, word 'n **R30** adminfooi per item gevra.

2. Indien iemand van een venue na ‘n ander OF van aanlyn na “lewendige deelname” oorgeskuif wil word, moet skriftelik aansoek gedoen word. Toestemming sal volgens meriete gegee word en ‘n admin betaling van **R30** per item sal gevra word.

3. Spesiale versoeke met duidelike motivering moet gerig word aan admin1@conspirito.co.za. Versoeke sal volgens meriete hanteer word.

4. Let wel, indien ’n deelnemer nie in sy/haar itemgroep deelneem nie, kan hy/sy nie in aanmerking geneem word vir ’n item- of afdelingswenner nie.

TOEKENNINGS

EERSTE RONDES			
Diploma	90 – 100%	A++	90 - 94%
		A+++	95 – 100%
Sertifikaat (goud)	80 – 89%	A+	85 – 89%
Sertifikaat (silwer)	70 – 79%	B	70 – 74%
		B+	75- 79%
Sertifikaat	69% en minder		
Itemwenner	Hoogste persentasie behaal in item	Minimum van 90%	
FORTE RONDE			
Diploma	90 – 100%	A++	90 - 94%
		A+++	95 – 100%
Forte Sertifikaat (goud)	80 – 89%	A+	85 – 89%
Forte Sertifikaat (silwer)	70 – 79%	B	70 – 74%
		B+	75- 79%
Sertifikaat	69% en minder		
Forte deelname knopies	Elke leerder wat deurdring na die Forte ronde EN deelneem, ontvang ‘n knopie		
Itemwennersertifikate en knopies	Itemwenners in die Forte ronde ontvang itemwennersertifikate en itemwennersknopies		
Wisseltrofeë / lapelbalkies	Afdelingswenners in elke kategorie wanneer ‘n leerder in minstens drie verskillende items in hierdie afdeling deelgeneem/presteer het.		
Spesiale toekennings:	’n Wisseltrofeë word toegeken aan die mees veelsydige Con Spirito leerder in Hoërskole, asook aan die mees veelsydige Con Spirito leerder in Laerskole (Junior en senior afdelings), per streek. Laasgenoemde moet in ten minste DRIE verskillende afdelings presteer.		

CON SPIRITO TOPPRESTEERDERS 2021

L A E R S K O L E

	Beste Laerskool koor	Laerskool Burgersdorp 2019
1.	Beste Kleuterskool Spreekkoor	Geen
2.	Beste Laerskool Spreekkoor	Laerskool Impala 2019
3.	Beste Instrumentaal Juniors	Karli Muller Gr. 2
4.	Beste Vokaal Gr 1 - 3	Lienke Schoonerwoerd Gr. 2

		Woodlands International College, Boksburg
5.	Beste Drama Voorskool Best Drama in Preschool	Amé Strydom Gr RR CJ Cillie Drama Ateljee, Boksburg
6.	Beste Drama in Graad 1	Zancha O'Neill Gr 1
7.	Beste Drama in Graad 2	Laritza Booyens Gr. 2 Ls Baanbreker, Boksburg
8.	Beste Drama in Graad 3	Anli van Velden Gr. 3 Linda Theron Drama skool
9.	**Beste Redenaars Gr 1 -3**	Caleb Green Gr. 2 Ls Concordia
10.	Beste Lees Laerskool Juniors	Danike vd Merwe Gr. 2 Ls Baanbreker
11.	Beste Kuns Gr 1 - 3	Danike vd Merwe Gr. 2 Ls Baanbreker
12.	**Mees veelsydige in laerskool Gr 1 – 3**	Danike vd Merwe Gr. 2 Ls Baanbreker.
13.	Beste Redenaar Laerskool	Michael Stemmet Gr. 5 Ls Secunda
14.	Beste Spanredenaar Laerskool	Kransies, Pretoria Gr. 6. Hano van Heerden Hendrik le Roux Marinus Venter Christopher Jv Vuuren
15.	Beste Instrumentaal – Laerskool Juniors	Leigh-Ann von Hoesslin Piano Gr. 6 ACTS Music
16.	Beste Kuns Laerskool	Willie Mostert Gr. 5 Ls Elspark, Boksburg
17.	Beste Sang met klankbaan	Amber Basson Gr. 7 Leeuwenhof Akademie
18.	Beste Sang met klavierbegeleiding	Miko Ferreira Gr. 7 Laerskool Lichtenburg
19.	Beste Danser Laerskool	Jayden Luyt Gr. 6 Dexter Dance School
20.	Beste Kreatiewe Skryf Laerskool	GEEN
21.	Best Drama in Graad 4	Lienke Oosthuizen Leeuwenhof Akademie, Bedfordview
22.	Beste Drama Graad 5	GEEN
23.	Beste Drama in Graad 6	Lamae Oosthuizen Gr 6 Leeuwenhof Akademie, Bedfordview/J Cillie drama ateljee
24.	Beste Drama Graad 7	Leandri Bekker Gr. 7 Leeuwenhof Akademie/J Cillie drama ateljee
25.	Beste Drama in Engels Graad 1 – 7	Amber Basson Leeuwenhof Akademie/CJ Cillie drama ateljee
26.	Beste LEES Laerskool Seniors	Leane Leonard Gr. 4

		Bravo! Performance Academy
27.	**Mees Veelsydige Laerskool Seniors Graad 4 – 7**	Dane Herselman, Gr. 7 Linda Theron Dramaskool, Ls Helderkruin
28.	**Mees Veelsydige NOORDWES**	Miko Ferreira Gr. 7 Ls Lichtenburg
29.	**Mees veelsydige MPUMALANGA**	Mielan Prinsloo Gr 7 Ls Secunda EN Suzaan Thomas Gr. 6 Ls Goedehoop
30.	**Mees veelsydige WES-GAUTENG**	Dane Herselman Gr. 7 Linda theron Drama studio
31.	**Mees veelsydige KZN**	Lara Meyer Gr 6 Pongola
32.	**Nasionale LIVE ALGEHELE WENNER Laerskool**	Dané Herselman Gr 7 Ls Helderkruin

H O Ë R S K O L E

	Beste Instrumentaal Hoërskool	DEEL: Dourand Geldenhuys Gr. 9 Hs Lichtenburg Cassandra Thompson, Curro Grantleigh, KZN
33.	Best Singing High School (Piano accompaniment) Beste Sang met klankbaan	Franciska-Louise Raubenheimer Gr 10 Hs Randburg
34.	Beste Sang met klankbaan	DEEL: Shenize Bekker Gr. 11 Helpmekaar Kollege En Anke Strauss, Gr. 8, Helpmekaar Kollege
35.	Beste Hoërskool Dans	Sinead Smit Gr. 8 Helpmekaar Kollege
36.	Beste Hoërskool Kuns	Johannes Jacobus Harmse Hs Secunda Gr 11
37.	Beste Kreatiewe Skryf Hoërskool	Johannes Jacobus Harmse Hs Secunda Gr 11
38.	Beste Drama Dogter Hoërskool	Joelize Bekker Gr. 9 Helpmekaar Kollege
39.	Beste Drama Seun Hoërskool	Jan-Rudolf Britz Gr. 9
40.	Beste Lees Hoërskool	Chamoné Nortje Gr. 11
41.	Beste Redenaars Hoërskool	Nachalee Creser Gr. 9 Hs Die Anker, Oos-Gauteng
42.	Beste Sparedenaars Hs	Hs Eldoraigne, Pretoria
43.	**Mees Veelsydig Hoërskool OOS-GAUTENG**	Bella Fidler Gr 10 Hs Goudrif, Germiston
44.	**Nasionale LIVE ALGEHELE WENNER Hoërskool**	BELLA FIDLER Gr. 10, Hs Goudrif, Germiston, Gauteng

CON SPIRITO TOP PRESTEERDERS 2021 AANLYN

LAERSKOLE	
Beste Drama Voorskool	Michayla du Toit Gr. RR Leeuwenhof Akademie Johannesburg
Beste Drama Laerskool Gr 1 - 3	Danae Anja Conradie Gr. 3 Linda Theron Drama studio
Best Drama Laerskool Gr 4 - 7	Amone Buytendorp Gr. 6 Leeuwenhof Akademie
Beste Lees Laerskool	Gé Goetzee Gr. 7 Hs Bultfontein, Vrystaat
Beste Instrumentaal Laerskool	Quonita Simoné Kruger Gr. 4 Ls Constantiapark, Pretoria
Beste Laerskool Sang	Landi Bezuidenhout Gr. 6 Laerskool Orion
Nasionale AANLYN ALGEHELE WENNER LAERSKOOL	DEEL: LUCA HUMAN Gr. 6, Curro Durbanville, Wes-Kaap EN Gé Goetzee Gr. 7, Hs Bultfontein, Vrystaat

HOËRSKOLE	
Beste Redenaar Hoërskool	Jan-Rudolf Britz Gr. 9 Hs Randburg
Beste Drama Hoërskool	Victor Pretorius Gr 8 CJCillie Drama Ateljee
Beste Instrumentaal Hoërskool	Lize-Mari Grobler Hs Garsfontein
Beste Sang Hoërskool	Jamie Petrova Gr. 10 Marais Viljoen High School
Beste Lees Hoërskool	Tayla Smith Gr. 10 Hs Randburg
Nasionale AANLYN ALGEHELE WENNER Hoërskool	Dirk Hagen, Gr. 9, Hs DF Malan, Wes-Kaap

Lees

1. Deelnemers kan inskryf onder voorbereid of onvoorbereid of beide onder elke item.
2. Deelnemers moet ’n kopieë van hulle voorbereide leesstukke saambring vir die beoordelaar.
3. Sien asb. die duidelike riglyne vir die leesafdeling hieronder.
4. By die voorbereide keuse moet daar DRIE stukke voorberei word. Indien die riglyne nie gevolg word nie kan die deelnemer gepenaliseer word en kan ook nie ‘n itemwenner onder die spesifieke item wees nie.
5. Onthou, die keuse van ’n werk moet by die deelnemer se ouderdom pas en word ook daarvolgens beoordeel.
6. Dieselfde werke van vorige jare mag nie weer gebruik word nie.
7. Tye: Laerskole: 30 tot 60 sekondes
   Hoërskole: 60 tot 90 sekondes
8. Hierdie riglyne is geldig vir beide die aanlyn, sowel as die lewendige optredes.

Items waarvoor ingeskryf kan word:

Afrikaans Voorbereid
Afrikaans Onvoorbereid
Afrikaans Voorbereide Bybellees
Afrikaans Onvoorbereide Bybellees
Afrikaans Voorbereide gedig lees
Afrikaans Onvoorbereide gedig lees

Riglyne vir VOORBEREIDE LEES OF BYBELLEES (Afrikaans en/of Engels):

- Berei **DRIE** leesstukke (dit kan in boek formaat of Tablet formaat wees) voor. Die beoordelaar sal die dag van die kompetisie bepaal watter een van die drie gelees moet word. Die drie leesstukke kan uit dieselfde boek, of verskillende boeke wees. Bring dus al drie stukke / boeke saam. Wees wel voorbereid dat die beoordelaar jou kan stop as hy of sy genoeg gehoor het.
- Maak seker die leesstuk is op JOU standaard. ‘n Goeie boek om te gebruik is die leesboek wat julle by die skool uit lees. Of selfs ‘n boek wat jou onderwyser voorstel. TE maklike OF TE moeilike boeke kan jou van ‘n goeie punt weerhou.
- Met voorbereide bybellees is dit ook belangrik dat jy **DRIE** stukke op jou eie vlak kies. Laerskool deelnemers kan byvoorbeeld ‘n lekker verhaal uit die bybel kies wat almal ken. Die leesstuk (Bybel, Bybel Storieboek of Tablet) moet ook sowat ½ minuut tot 1½ minute lank wees. Berei om en by 6 verse (per stuk) voor. Jy kan voor die tyd gestop word as die beoordelaar genoeg gehoor het.
- Onthou by gewone lees EN Bybellees moet die deelnemer die boek se titel en skrywer, en die boek en verse by Bybellees aankondig, voor jy begin lees.
- Punte word gegee deur na die volgende op te let: Uitspraak, stemwisseling, **hantering van boek (of jy die boek op ‘n gemaklike manier vashou)**, oogkontak met gehoor terwyl jy lees, gesigspel (dit sal verskil tussen ‘n komiese of ernstige stuk) en hoe gemaklik jy lees. Dus moet deelnemers uit die boek(e) uit lees en nie van afskrifte nie. Dit geld ook vir lees van tablette af.
- **NB:** MOENIE die leesstuk uit jou kop uit leer nie. Maak net seker jy het voorberei en kan die woorde reg uitspreek en met gevoel lees.

Riglyne vir ONVOORBEREIDE LEES OF BYBELLEES (Afrikaans en/of Engels):

- ‘n Boek sal vir jou gegee word asook die bladsy wat jy moet lees. Sodra die beoordelaar genoeg gehoor het sal hy of sy jou vra om op te hou lees. Jy mag wel jou sin klaarmaak sodat jy op ‘n hoë noot afsluit. En onthou die leesstof sal op jou vlak wees.
- Al begin jy nie met die eerste bladsy van die boek nie, is dit altyd goed om die boek en skrywer se naam aan te kondig voor jy begin lees. Met die Bybellees sal die beoordelaar aankondig uit watter boek en verse jy moet lees, dus moet jy dit ook aankondig.
- Punte word gegee deur na die volgende op te let: Uitspraak, stemwisseling, hantering van boek (hou jy die boek gemaklik vas), oogkontak met gehoor (al het jy gladnie voorberei nie moet jy steeds oogkontak met jou gehoor en beoordelaar maak), gesigspel (dit sal verskil tussen ‘n komiese of ernstige stuk) en hoe gemaklik jy die onvoorbereide leesstuk lees.

ADDISIONELE RIGLYNE VIR AANLYN DEELNAME

LEESAFDELING: VOORBEREIDE LEES

1. Leerders moet steeds **DRIE** leesstukke voorberei. (Geen afskrifte hoef vooraf ge-e-pos te word nie)
2. Merk ELKE leesstuk duidelik. (Leesstuk 1, Leesstuk 2 en Leesstuk 3). Die beoordelaar gaan instruksie gee watter stuk (1, 2 of 3) sy/ hy wil hoor.
3. Aanbieding word beoordeel. Maak dus seker jy staan so dat die beoordelaar jou hele bolyf kan sien.
4. Ons weet dit kan ongemaklik wees vir leerders om die platform te gebruik en dit sal in aanmerking kom as beoordeling plaasvind.

LEESAFDELING: ONVOORBEREIDE LEES

1. Hou **2 tot 3** leesboeke byderhand waaruit jy kan lees. Die beoordelaar sal ‘n boek en bladsy nommer kies. As die beoordelaar genoeg gehoor het sal sy / hy jou vra om op te hou lees.
2. Omdat ons nie boeke vir julle aanlyn kan bied nie, vra ons dat ouers en leerders boeke kies wat op die kind se vlak is.
3. Aanbieding word beoordeel. Maak dus seker jy staan so dat die beoordelaar jou hele bolyf kan sien.
4. Ons weet dit kan ongemaklik wees vir leerders om die platform te gebruik en dit sal in aanmerking kom as beoordeling plaasvind. Ons moedig die kinders aan om solank met die hulp van aanlyndienste te oefen sodat die leerders gemaklik kan raak voor die kamera.

Redenaars

Individuele en Spanredenaars

- Berei ‘n beredeneerbare toespraak voor.
- Daar kan vir VYF afdelings afsonderlik onder individuele en/of spanredenaars ingeskryf word:
    1. VOORBEREID: Eie keuse
    2. VOORBEREID: Voorgeskrewe tema
    3. VOORBEREID: Tweetalige toespraak Eie keuse (50% Afrikaans en 50% Engels)
    4. VOORBEREID: Eksperimenteel Eie keuse (m.a.w. hulpmiddels word toegelaat)
    5. ONVOORBEREID

- Let wel, **SLEGS** Graad 4 tot 12 leerders mag vir die onvoorbereide afdelings inskryf.
- Deelnemers kry 30 minute voorbereidingstyd vir die onvoorbereide toesprake. Hulle kry slegs 'n reeds geformuleerde onderwerp en moet self besluit of hulle daarVOOR of daarTEEN praat. Geen bronne word gegee nie.
- Let wel, die deelnemers moet meld of hulle vir Eerste of Tweede taal inskryf.
- Deelnemers skryf volgens hul graad in.
- **VOORGESKREWE TYE**
    - Individuele sprekers – alle items (Graad 1 tot 5 se maksimumtyd is 5 min; Graad 6 tot 7 se maksimumtyd is 6 min; Graad 8 tot 12 se maksimumtyd is 7 min)
    - Spanredenaars: (Graad 1 tot 5 se maksimumtyd is 8 min; Graad 6 tot 7 se maksimumtyd is 12 min; Graad 8 tot 12 se maksimumtyd is 15 min)

Toegewing 2021:

Gerig op die Algemene reëls punt 16: Geen deelnemer of groep mag dieselfde werk vir twee agtereenvolgende jare aanbied nie. ATKV-toesprake word onder EIE KEUSE ingeskryf

- **Span-/Groepsredenaars** (drie of vier sprekers per groep in **DIESELFDE** graad)

Voorgeskrewe temas vir 2022

	Afrikaans	**English**
Graad 1 / Grade 1	Speelgoed	Mirror
Graad 2 / Grade 2	Monster	Season
Graad 3 / Grade 3	Sprokie	Shoes
Graad 4 / Grade 4	Vlieg	Tree
Graad 5 / Grade 5	Jakkals	Music
Graad 6 / Grade 6	Toor	Money
Graad 7 / Grade 7	Musiek	Pride
Graad 8 tot 9 / Grade 8 to 9	Hardkoppig	Tomorrow
Graad 10 tot 12 / Grade 10 to 12	Emosies	Power

NUUT!! DEBAT

In 2020 het Con Spirito met 'n splinternuwe debatskompetisie begin. Sien meer inligting op www.conspirito.co.za onder DEBAT. Laerskool leerders in Gr 6 en 7 mag ook hieraan deelneem.

Sang & Instrumentaal

- Vir die afdeling, Instrumentaal moet deelnemers 'n kopie van elke itemkeuse se bladmusiek vir die beoordelaar saamneem.
- VOORGESKREWE TYD: 2 minute per item. Deelnemers kan deur die beoordelaar gestop word indien hulle oor hulle tyd gaan.
- ***NB! BACKTRACKS!!!*** Alle musiek moet vooraf op die aanlyn stelsel vir "lewendige" deelnames gelaai word. Maak seker dat u musiek korrek opgelaai word en dat u aan die tydsbeperkings voldoen. As u die tydsbeperkings oorskry, sal u nie u musiek kan oplaai nie. Slegs MP3-formaat sal aanvaar word.
- Bring ook asb 'n geheuestokkie saam die dag van die kompetisie met al jou musiek vir jou onderskeie items.

- **VOORGESKREWE LIEDERE VIR SANG MET KLAVIERBEGELEIDING:** Die bladmusiek kan aangevra word. Hieronder volg die naamlys. (Let wel: dieselfde liedere as 2020 en 2021)
- **Belangrik:** Leerders kan vir eie keuse en/of voorgeskrewe liedere (met klavierbegeleiding) inskryf. ***Let wel:*** *Die musiek MAG getransponeer word.*
- **Bladlees:** Bladmusiek sal ‘n uur voor die tyd aan die deelnemer gegee word. Meld dus minstens ‘n uur voor die tyd aan. Die leerder kry dus 30 minute om voor te berei SONDER ‘n instrument of enige begeleiding.

SANG MET KLAVIERBEGELEIDING VOORGESKREWE LIEDERE
AFRIKAANS

Graad RR	My pappa, my mamma Lied 151, Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe
Graad R	Goeiemôre maatjies Lied 146, Nuwe FAK Sangbundel 2, Tweede uitgawe
Graad 1	Otjie Lied 154, Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe
Graad 2	Lente is hier Lied 150, Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe
Graad 3	Op die plaas Lied 153, Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe
Graad 4	Skilpad Lied 155, Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe
Graad 5	By die winkel Lied 161, Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe
Graad 6	Tiloedelie Lied 224, Nuwe FAK Sangbundel 2, Tweede uitgawe
Graad 7	Sally Williams Nougat Lied 171, Nuwe FAK Sangbundel 2, Tweede uitgawe
Graad 8 – 9	Kelkiewynfontein Lied 235, Nuwe FAK Sangbundel 2, Tweede uitgawe OF Rooidag Lied 217, Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe
Graad 10 - 12	Lentelied Lied 263, Nuwe FAK Sangbundel 2, Tweede uitgawe OF My voete loop na Monteku Lied 211 Nuwe FAK Volume 2, Eerste uitgawe

WITH PIANO ACCOMPANY PRESCRIBED SONGS
ENGLISH

Grade RR Grade R	All my little ducks No. 24, Music Time, 44 songs for young children
Grade 1	Susy, Little Susy No. 3, Music Time, 44 songs for young children
Grade 2	It’s Raining No. 2, Music Time, 44 songs for young children
Grade 3	My Father’s Garden

	No. 7, Music Time, 44 songs for young children
Grade 4	Jackie the Sailor No. 26, Music Time, 44 songs for young children
Grade 5	My Aunt Jemima No. 22, Music Time, 44 songs for young children
Grade 6	A Basketful of Nuts No. 37, Music Time, 44 songs for young children
Grade 7	The Donkey and the Cuckoo No. 39, Music Time, 44 songs for young children

Dans

- ***NB! BACKTRACKS!!!*** Alle musiek moet vooraf op die aanlyn stelsel gelaai word. Maak seker dat u musiek korrek opgelaai word en dat u aan die tydsbeperkings voldoen. As u die tydsbeperkings oorskry, sal u nie u musiek kan oplaai nie. Slegs MP3-formaat sal aanvaar word.
- Bring asb 'n geheuestokkie saam die dag van die kompetisie met al jou musiek vir jou onderskeie items.
- *Dansitems mag **maksimum 2 minute** lank wees!*

Inskrywings genres op die webwerf beskikbaar. Indien 'n deelnemer se item genre nie op die aanlyn profiel verskyn nie, kan dit onder die Ope afdeling ingeskryf word. Dansers mag 2x onder die Ope inskryf (ope 1 en ope 2) maar daar sal slegs EEN itemwenner gekies word.

Kuns

- Kunswerke moet leerders se **EIE** werk wees. Con Spirito maak staat op die leerders, ouers en skole se integriteit en eerlikheid. Indien skole wil hê die leerders moet die kunswerke onder toesig by hul skole doen, is dit die skool se eie organisasie en verantwoordelikheid.

- **GEEN kunswerk wat vorige jare by Con Spirito ingeskryf is mag weer ingeskryf word nie**.

- **NB! Slegs EEN kunswerk per ITEM** (daar is slegs **TIEN** kategorieë – sien hieronder).

- Skole moet asb. ook 'n lys van name en kunswerke (per graad) aan Con Spirito stuur.

- Uitslae en repliekvorms, saam met die kunswerke en sertifikate, sal min of meer 7 dae later na u skole gestuur word. Indien die beoordeling by die skool plaasvind, word die uitslae dieselfde dag uitgedeel.

- Kunswerke kan SLEGS onder die volgende 10x kategorieë en **voorgeskrewe temas** ingeskryf word.

ITEMS / KATEGORIEË:

Collage (LW geen konstruksiewerke nie)	Pastelle
Grys Potlood	Houtskool

Kleurpotlood	Verf
Vetkryt (Slegs Laerskool)	Fotografie
Gemengde Medium	Kaartjie (Verjaarsdag/Moedersdag ens.)

VOORGESKREWE TEMAS:

Hou SA skoon	Stokperdjie
Wildtuin	Plakkerskamp
Speel	See
Dieretuin	Vlieg

LET WEL: *Bogenoemde temas kan meer as een keer by die verskillende mediums gebruik word! Seuns en dogters se temas is dieselfde. Die tema moet egter duidelik agterop die kunswerk aangebring word.*

Kuns inskrywings moet aan die volgende voldoen:

- Gemonteer op **A3-grootte** (let wel NIE A4 nie behalwe fotografie) karton.
- Fotografie mag wel op **A4-grootte karton** monteer word.
- Maak asb. seker op www.conspirito.co.za (kliek op *genre discriptions*) van elke medium se omskrywing. Kunswerke kan gepenaliseer word as dit nie aan die vereistes voldoen nie.

LET WEL: Die onderstaande vorm moet agterop elke kunswerk aangebring wor

Addisionele VORM per kunswerk - KUNS 2022

(Plak agterop kunswerk)

Naam van leerder: _____ **Graad:** _____

Skool/Instansie: _____

Item bv. Verf, collage ens: _____

Tema:

Hou SA skoon	☐	See	☐
Wildtuin	☐	Stokperdjie	☐
Speel	☐	Plakkerskamp	☐
Dieretuin	☐	Vlieg	☐
	☐		☐
	☐		☐

Kontakpersoon: _____

Selfoonnommer: _____ **E-Pos:** _____

Maak asb. seker op www.conspirito.co.za (kliek op genre discriptions) van elke medium se omskrywing. Kunswerke kan gepenaliseer word as dit nie aan die vereistes voldoen nie.

Skryfkuns

- Slegs graad 4 tot 12 leerders mag aan hierdie afdeling deelneem.
- Papier sal voorsien word maar die deelnemers moet hulle eie penne en woordeboeke saambring.
- Indien die leerders aanlyn wil deelneem aan die skryfkuns, sal reëlings deurgegee word.
- Die uitslae sal minstens 4 weke na die kompetisie, saam met die sertifikate uitgestuur word.
- Onderwerpe word die dag van die skryffees uitgereik. M.a.w. dit is ’n onvoorbereide item.
- Deelnemers kan vir die volgende items inskryf:
    - Afrikaans Opstel (Eerste Taal)
    - Afrikaans Opstel (Tweede Taal)
    - Afrikaans Poësie (Eerste Taal)
    - Afrikaans Poësie (Tweede Taal)
    - Engels opstel (Eerste Taal)
    - Engels opstel (Tweede Taal)
    - Engels Poësie (Eerste Taal)
    - Engels Poësie (Tweede Taal)

Woeker-met-die-pen Skryfkompetisie:

Onthou Con Spirito bied ‘n gevorderde kompetisie saam met die FAK aan met prysgelde. Sien meer inligting op www.conspirito.co.za

Drama

1. Deelnemers kan inskryf onder eie keuse en/of voorgeskrewe stukke deur Con Spirito.
2. Die voorgeskrewe gedigte is op die webwerf beskikbaar. Let wel, graad R tot 7 het dieselfde voorgeskrewe gedigte as 2021. Gr 8 tot 12 se gedigte verskil wel.
3. Deelnemers moet ’n kopie van hul eie keuse saambring vir die beoordelaar. Onthou, die keuse van ’n werk moet by die deelnemer se ouderdom pas en word ook daarvolgens beoordeel.
4. Dieselfde werke van vorige jare mag nie weer gebruik word nie.
5. Let wel: Deelnemers wat vir MIMIEK inskryf, kan slegs in die Afrikaanse afdeling inskryf.
6. Drama/Toneelgroepe is ook welkom om in te skryf! Ons sal sover moontlik die toneelgroepe by hul onderskeie skole akkomodeer. Kontak die organiseerder.
7. **TYE**:
    - Improvisasie: (3 min)
    - Gedram Poësie: Gr 1 - 7 (3 min), Gr 8 - 12 (4 min)
    - Prosa, Gedram Prosa: Gr 1 - 7 (3 min), Gr 8 - 9 (4 min), Gr 10 - 12 (6 min)
    - Monoloë: Gr 1 - 7 (3 min), Gr 8 - 9 (4 min), Gr 10 - 12 (6 min)
      Plus 3 minute vir opstel
    - Groepspoësie en groepsprosa: Gr 5 -7 (4 min), Gr 8 -9 (5 min), Gr 10 -12 (6 min)
    - Bybelvoordrag: Gr 1 - 2 (1 min), Gr 3 - 7 (2 min), Gr 8 - 12 (3 min)
    - Samespraak: Gr 1 - 7 (4 min), Gr 8 - 12 (6 min)
      Plus 3 minute vir opstel
    - Mimiek: Gr 1 - 7 (2 min), Gr 8 - 9 (3 min), Gr 10 - 12 (4 min)

Kore, Sêrriegroepe, Orkeste & Sanggroepe, Spreekkore

1. Kore kan inskryf onder enige van die onderstaande kategorieë.
2. ’n Bepaalde werk mag nie in meer as een afdeling aangebied word nie.
3. Werke van kontrasterende style moet aangebied word.
4. Transposisie is toelaatbaar.
5. Maak deurgaans van eie keuse gebruik maar maak seker die standaard pas by die ouderdomsgroep. Die standaard van die werke sal by die beoordeling in aanmerking geneem word.
6. ’n Afskrif van die koorwerke moet voor die optrede aan die beoordelaar oorhandig word.
7. Begeleiding deur middel van klavier of enige ander musiekinstrument, asook klankbane is toelaatbaar.

8. **KATEGORIEë:**

    a. **Koorprogram** van 5 tot 10 minute, wat bestaan uit:
    (1) Gewyde lied
    (2) Ligte lied en
    (3) Enige lied in ‘n **ANDER** taal

    - Een van die drie liedere moet a capella gesing word.
    - Maak gebruik van minstens twee verskillende tale.

b. **<u>Individuele kooritems</u> se addisionele keuses is die volgende:**
   (1) Eenstemmige lied
   (2) Tweestemmige lied
   (3) Meerstemmige lied (3 stemme of meer)
   (4) Afrika werk
   (5) Klassieke kontemporêr
   (6) Ligte kontemporêr
   (7) Gewyde lied
   (8) Volkslied

9. **SANGGROEPE / SêRRIEGROEPE:**

- Maak deurgaans van eie keuse liedere en temas gebruik maar maak seker die standaard pas by die ouderdomsgroep.
- Maak van minstens 2 tale gebruik.
- Sanggroepe mag van deurgaans van enige begeleiding gebruik maak.
- Sêrriegroep moet A Capella sing maar mag ook ‘n maksimum van 3 minute gebruik maak van enige melodiese instrumente.
- Enige ritmiese instrumente kan gebruik word.
- Enige bewegings of rekwisiete moet effektief en gemotiveerd wees.

- Tydsduur 8 tot 12 minute

Con Spirito Forte

- 22 Augustus tot 3 September 2022: Slegs AANLYN deelname
- 20 September tot 1 Oktober 2022: Slegs vir LEWENDIGE deelname by die venue

Deelnemers met die hoogste punte (standaard en getalle word per item in ag geneem) word uit elke streek na die **CON SPIRITO FORTE** genooi waar die itemwenners bepaal sal word. Almal sal in kennis gestel word, direk na afloop van elke afdeling/kompetisie.

Prestige Prysuitdeling Saterdag, 15 Oktober 2022

- Alle itemwenners en afdelingswenners sal dieselfde dag van die deelname aan die Forte ronde in kennis gestel word of hulle ‘n itemwenner is. Al die Forte itemwenners word na die Prestige-dag genooi.
- Trofeë, sertifikate, knopies en balkies word tydens hierdie geleentheid oorhandig.
- Indien ’n leerder NIE teenwoordig is nie kan hy/sy nie die toekenning ontvang nie. Die ouer of afrigter van die leerder mag wel skriftelik via e-pos aansoek doen om die toekenning(s) agterna te ontvang, of ‘n verteenwoordiger aanwys wat die toekennings namens die leerder kan ontvang. Con Spirito sal aansoeke volgens meriete hanteer.
- **Belangrik:** Indien ’n leerder NIE die prestige-prysuitdeling kan by woon nie en na die tyd sy/haar toekenning(s) wil afhaal, word ’n bedrag van **R50** gevra om onkostes te dek.

www.conspirito.co.za